

Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-1:3 (24:3)

- 3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofsang: Skrifberyming 2-2:3 (34:3)

- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyt / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Skriflesing: Lukas 1 en Lukas 14:16-24

Teks: Lukas 1:53; Kategismus Sondag 30

Hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur.
(Lukas 1:53 AFR1953)

In Elisabet se gebed maak sy melding van twee groepe of soorte mense met wie die Here te doene kry.

Die eerstes is die van wie sy so bid:

. . . Hoogmoediges in die gedagtes van hulle hart het Hy verstrooi. Maghebbers het Hy van trone afgeruk en nederiges verhoog. . . Hy het rykes met leë hande weggestuur (Lukas 1:51-53 AFR1953).

Sy vertel nie in haar gebed hoe die Here, haar Verlosser, dit doen nie – sy sê net dat Hy dit *gedoen het* (let wel: die Verlosser was toe nog nie gebore nie).

Daarna vertel sy van 'n tweede stel mense en hoe die Here met hulle maak. Sy sê dat Hy **hongeriges met goeie dinge vervul het (v. 53).**

Dit gaan natuurlik oor die verlossing en verwerping van mense deur die Here.

Die Here Jesus het natuurlik eenkeer oor dieselfde dinge 'n preek gegee. Hy het dit gedoen in 'n gelykenis wat Hy vertel het.

- Hy het vir die mense vertel van 'n sekere man wat 'n groot maaltyd gegee en baie mense uitgenooi het.
- Presies toe die maaltyd reg was, het hy sy diensknegte uitgestuur om al die genooies op te roep en te sê: “Kom, want alles is nou gereed!”

Die spul gaste het toe almal uitgedraai! Die Here vertel dat hulle hul almal eenparig begin verskoon het.

- Die eerste het vir hom gesê: Ek het 'n stuk grond gekoop en ek moet noodsaaklik uitgaan om daarna te kyk Die gasheer moet hom maar asseblief verskoon.
- 'n Volgende genooide gas het gesê: Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle probeer. Ek vra u, verskoon my tog.
- 'n Ander een het gesê: Ek het 'n vrou getrou en daarom kan ek nie kom nie. Hy het sy wittebrood voorgehou as rede waarom hy nie kon maaltyd toe kom nie!

Daardie man se diensknegte het gekom en al die verskonings vir hulle heer vertel.

Tot hiertoe het die Here Jesus gepraat van die mense wat Elisabet in haar gebed *hoogmoediges* en *maghebbers* genoem het.

Die Here Jesus het in die maaltydgelykenis verder gegaan en uitgewei oor die groep wat deur Elisabet die *hongeriges* genoem is:

- Die Here vertel dat die eienaar van die huis kwaad geword het oor al die verskonings en dat hy vir sy dienskneg gesê het:

Gaan gou uit in die strate en die gangetjies van die stad en bring die armes en verminktes en kreupeles en blindes hier in. (Lukas 14:21B AFR1953)

- Die dienskneg het gesê: Meneer, wat u beveel het, is gedoen, en daar is nog plek.
- **Toe sê die heer vir die dienskneg: Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word.** (Lukas 14:23 AFR1953)

In ons taal: *Gaan haal die bedelaars en die Bergies! Daardie mense wat doodhonger is en wat niks het nie!*

Die oordeel en wroeging van die Here kom uit in sy woorde:

Want ek sê vir julle dat nie een van daardie manne wat genooi is, my maaltyd sal smaak nie. (Lukas 14:16-24 AFR1953)

Die Here gebruik juis die beeld van 'n maaltyd in sy gelykenis omdat Hy daarin al 'n toespeeling op die Nagmaal en op die bruilofsmaal van die Lam maak. Dié dinge hou alles verband met mekaar.

Hoe ontvang die Here aan sy tafel – en wie ontvang Hy daar?

- Die eerste en maklike antwoord kry ons al uit die twee Bybelgedeeltes wat ons aangehaal het: Die Here ontvang die hungeriges daar.
- Iemand wat geestelik honger is, is iemand wat sy gebrek aanvoel – hy is iemand wat hartlik verlang na die genade van die Here Jesus Christus.

Die hungerige na genade is iemand wat soos die hungeriges wat van die strate af gehaal is vir die maaltyd.

- Hy is iemand wat niks het nie – ook nie kos nie.
- Hy sal met dankbaarheid eet dit wat deur die Here aan hom voorgesit word.
- Daarom sy begrip van hoe mens dankbaar moet wees vir die dinge wat God uit genade vir ons gee!

In die beelde wat die Bybel hier gebruik, bedoel die Here dat hierdie soort mens die tekens van die Nagmaal ook met groot nederigheid en diepe afhanklikheid sal ontvang.

- Hy sal baie deeglik besef wat die offerande van die Here Jesus vir hom beteken.
- So 'n mens wat sy verlorenheid en gebrek aan heiligheidsbesit besef, sal verstaan dat sy redding en vergewing van sy sondes geheel en al aan die Here Jesus se verdienste vasgemaak is.

Die Nagmaal is natuurlik 'n maaltyd waarby die Here Jesus geestelik teenwoordig is.

- Hy is daar teenwoordig deur die Heilige Gees.
- Die sakrament leer egter dat die Here Jesus lewend God is, wat nou met sy menslike liggaam as ons waarborg van ons liggaamlike opstanding in die hemel is.
- Die Nagmaal leer ook dat die Here Jesus geestelik met ons verenig is.

Dis alles dinge wat net deur 'n mens verstaan sal word wat sy verlorenheid terdeë besef.

Waarom is dié dinge belangrik? Dit is belangrik dat die verkeerde mense nie aan die Nagmaaltafel sal kom aansit om aanspraak te maak op die genade van die Here Jesus nie.

- Dit is waarom daar altyd – soos in Elisabet se gebed en in die Here Jesus se gelykenis – ook vertel word van mense wat deur die Here veroordeel word.
- Die beeld van die vooraanstaandes wat die Here se maaltyd geminag het, is 'n waarskuwing daarteen dat 'n mens maklik kan huigel of onbekeerlik kan wees, maar dink sy saak is reg omdat hy te veel van homself dink.

Die Nagmaalsformulier leer dat daardie soort mense oor hulleself 'n oordeel eet en drink.

- Die Here maak dus onderskeid tussen gaste wat sy tafel waardig is en ander mense wat sy tafel nie waardig is nie.
- Daarom gebruik hy die beeld van die besittingloses wat as bedelaars honger op die straat rondlê.

Menslik gesien is hierdie groep juis die soort mense wat ons nie daar sal wil hê of ontvang nie.

- Vir die Here is hulle juis die wat hulle verlorenheid besef en wat met 'n lewende geloof hoop op die verlossing deur die Here Jesus.
- Dink hier aan 2 Korintiërs 13:5:

Ondersoek juisself of julle in die geloof is; stel juisself op die proef. Of is julle nie seker van juisself dat Jesus Christus in julle is nie -- as julle ten minste nie verwerplik is nie! (2 Korintiërs 13:5 AFR1953)

Die apostel stel hierdie beginsel ook baie duidelik waar die Heilige Gees hom die voorskrifte vir die Nagmaal laat neerpen:

Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. (1 Korintiërs 11:27-29 AFR1953)

Kom ons lees saak wat in die Heidelbergse Kategismus oor hierdie dinge geskryf staan in Sondag 30:

Vr. 80. Watter onderskeid is daar tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antw. Die nagmaal van die Here betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het deur die enige offerande van Jesus Christus wat Hy self eenmaal aan die kruis volbring het (a), en dat ons deur die Heilige Gees Christus ingelyf word (b) wat nou na sy menslike natuur nie op die aarde is nie maar in die hemel aan die regterhand van God sy Vader (c) en daar deur ons aanbid wil wees (d). Maar die mis leer dat die lewende en die dode nie deur die lyde van Christus vergewing van sondes het nie tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die mispriesters geoffer word en dat Christus liggaamlik onder die gestalte van die brood en wyn is en daarom ook daarin aanbid moet word; en so is die mis in die grond niks anders nie as 'n verloëning van die enige offerande en lyde van Jesus Christus en 'n vervloekte afgodery (e).

Vr. 81. Vir wie is die nagmaal van die Here ingestel?

Antw. Vir die wat hulleself vanweë hulle sondes mishag en tog vertrou dat dit hulle vergewe is om Christus wil en dat ook die oorblywende swakheid met sy lyde en sterwe bedek is; die wat ook begeer om hoe langer hoe meer hulle geloof te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie met 'n opregte hart tot God bekeer nie, dié eet en drink 'n oordeel oor hulleself (a).

Vr. 82. Moet ook diegene aan hierdie nagmaal toegelaat word wat hulle met hul belydenis en hul lewe as ongelowige en goddelose mense gedra?

Antw. Nee; want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die ganse gemeente verwek (a). Daarom is die Christelike Kerk verplig, volgens die ordening van Christus en van sy apostels, om sulke mense deur die sleutels van die hemelryk uit te sluit totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 116:1, 7 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 7 Wat kan 'k die Heer vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 1 Augustus 2010

Tekste:
By vr. 80:
(a)
Hebr 10:10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.
Hebr 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God
Hebr 7:26, 27 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.
Hebr 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.

Hebr 9:25 ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie,

Joh 19:30 En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.

Matt 26:28 Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.

Luk 22:19 Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.

(b)

I Kor 10:16, 17 die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

I Kor 6:17 Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.

(c)

Joh 20:17 Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.

Kol 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.

Hebr 1:3 Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus,

Hebr 8:1 Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dit: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele,

(d)

Matt 6:20, 21 maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

Joh 4:21 Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie.

Luk 24:52 En hulle het Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydschap.

Hand 7:55 Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.

Kol 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.

Filip 3:20 Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,

I Thess 1:10 en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.

(e)

Hebr 9:26 want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.

Hebr 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God

Hebr 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

By vraag 81

(a)

I Kor 11:28 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.

I Kor 10:19-22 Wat sê ek dan? Dat 'n afgod iets is, of dat 'n afgodsoffer iets is? Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie. Of wil ons die ywer van die Here opwek? Is ons miskien sterker as Hy?

By vraag 82

(a)

I Kor 11:20 As julle dus saamkom, dan wil dit nie sê dat julle die nagmaal van die Here eet nie.

I Kor 11:34 en as iemand honger het, laat hom by die huis eet, sodat julle nie tot 'n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.

Jes 1:11 Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie.

Jes 66:3 Wie 'n bees as offer slag, is soos hy wat 'n man doodslaan; wie 'n lam offer, soos hy wat 'n hond se nek breek; wie 'n spysoffer bring – dit is varkbloed; wie wierook as gedenkoffer bring, is soos hy wat 'n afgod prys. Soos hulle hul eie weë verkies het en hulle siel 'n behae het in hul verfoeisels,

Jer 7:21 So sê die HERE van die leërskaare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis.

Ps 50:16 Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond -